# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

DEEL 114 | WEEK 35 | 2 SEPTEMBER 2022 | R5





## *Die ou mense wil dit drink...*

Terwyl Parys, Koppies, Vredefort en verskeie ander dorpe in die Vrystaat 'n waterkrisis het, spoel Heilbron se skoon water vrylik in 'n spruitjie af. Dinsdag 30 Augustus het liters gesuiwerde water verlore gegaan as gevolg van 'n lek op die hooftoevoerlyn. Volgens raadslid Phillip van der Merwe van die VF Plus, is die waternetwerk in die dorp relatief oud en dit veroorsaak dat daar gereeld pype is wat bars en waterlekke veroorsaak. Alhoewel die lek reggemaak is, was dit 'n tydsame proses. Heilbronners vra vele vrae - soos wie betaal die morsing van water, hoekom neem die herstelproses so lank en hoekom word die waterstelsel nie behoorlik onderhou nie. Inwoners van Piercestraat het ook hul bekommernis geopper oor die gereelde tekort aan water. Daar word beweer dat die reservoir by die hospitaal 'n kraak het wat 'n waterlek veroorsaak en dat munisipale amptenare die water probeer balanseer om nie die krake in die reservoir te bereik nie. Sodoende moet die krane oop en toe gedraai word om die balans te handhaaf. Mnr. van der Merwe verduidelik dat die oplossing vir die probleem by die reservoir sal wees om 'n nuwe membraan in te sit. Belastingbetalers is ook bekommerd oor hul waterlesings wat die hoogte ingeskiet het en die onduidelikheid rondom waterlesings.

Sal die munisipaliteit die gemeenskap kan duidelikheid gee oor die waterkwessie en lesings of sal Heilbron net nog 'n dorp in die Vrystaat word met 'n waterprobleem?










# *Uit die pen:* Week 35 van 2022



Soms kom mens agter dat jou tyd besig is om uit te loop. Dis eers soos 'n sagte fluistering in jou oor, en later word die boodskap so duidelik soos dagbreek.

Ek werk steeds in die kantoor waar ek min of meer alles self voorsien het: my eie drukker, eie internet, eie telefoon, my eie sitkamerstelletjie, koffie en tee. Dis min of meer net die mure en die boekrak wat aan die staat behoort het.

Die res moes ek maar self sien kom klaar.

Op 'n mooi dag was daar nie water in daardie geweste nie. Ek laat weet my baas dat ek huis toe gaan. Maar hoekom, wou hy weet? Want ek wil ablusiegeriewe gebruik. Maar hoekom, wou hy weet? Want ek het 'n behoefte, as jy nie verstaan nie. Ons het dan netnou 'n vergadering, herinner hy my. Ek sal ongelukkig nie daar wees nie, reageer ek.

Die afgelope paar jaar het ek by die bestes geleer: sommige van my kollegas was amper-amper aktiviste. Vir die saak waarin hulle geglo het. Wat kon wissel van dag tot dag.

Een van my kollegas het op 'n vergadering uitgevaar teen slaagvereistes: hoekom dit so laag is, en hoekom kinders deurgesit word al slaag hulle nie op meriete nie. Later sou ek hoor dat dieselfde kollega deel was van die “Pass One Pass All”-veldtog toe hy 'n onderwysstudent was. Amper soos aktiviste.

Op dae wanneer daar nie hulpbronne (soos in hierdie geval, water) is nie, het ek gerieflikheidshalwe onthou dat daar aktiviste is. So: nog voordat my baas mes kon sê, is ek op pad huis toe. So 15 minute van daar af. Ek word toe ook amper 'n aktivis.

Die baas was soms toegewend, ander tye kliphard, sonder rede. Wanneer daar 'n PowerPoint voorlegging gemaak moet word, is ek nader gehark, want “jy weet mos hoe.”

Een mooi dag moes ek en ’n kollega ’n werkswinkel hou. Ek kan nou nie eers onthou waaroor dit sou handel nie. Die kollega het beloof dat sy alles onder beheer het, ek hoef oor niks bekommerd te wees nie. Sy sal almal uitnooi, sy sal laat weet wat ek moet voorberei, sy sal reël vir die kos en al die ander dinge wat ons nodig gehad het.

Al die leweransiers moes vooraf betaal word. By die werkwinkel aangekom, sien ek dat daar nie eers die helfte van die verwagte onderwysers aangekom het nie. Ons gaan aan, ruil kennis uit, eet middagete, en op 'n gegewe tydstip verlaat almal weer die lokaal.

Ek het gedog ons is klaar.

'n Paar weke daarna kom kollega oop-en-toe in my kantoor aan: ek moet haar nou dadelik help om 'n motivering te skryf oor hoekom die werkswinkel, waar daar nie eers die helfte van die verwagte persone opgedaag het nie, nie as 'n verkwistende uitgawe beskou moet word nie.

O, nee. Ek gaan nie. Ja, jy moet. Sê wie? Sê jou baas. Vir wie? Hy het vir my gesê ek moet vir jou sê.

Regso, sê ek, gaan sê dan maar vir hom dat ek nie belangstel om dit te doen nie. Maar jy moet! Sê wie? Sê jou baas.

Ek sê: Hou jy my nou mooi dop.

Ek skakel 'n nommer en die persoon aan die ander kant antwoord dadelik. Ek praat in Engels sodat my gehoor my mooi kan verstaan: Ek gaan nie hierdie brief skryf nie, want hierdie werkswinkel was nie my idee nie, ek het nooit aangebied om dit te doen nie en my kollega het alle reëlings getref. Is daar enige wetlike verpligting dat ek dit moet doen?

My vakbondverteenwoordiger aan die ander kant antwoord duidelik dat ek geen verpligting het nie. In Engels sodat my gehoor my kon verstaan.

En dit was dit.

My baas was nie dik van die lag toe hy van die petalje gehoor het nie. Want volgens hom was ek verkeerd en my kollega reg. Om verskeie redes het hy homself by die kollega geskaar.

Nie lank daarna nie, word sy vrou baie siek. Sy was in die plaaslike hospitaal, en later oorgeplaas na ’n groter, privaatkliniek.

Toe ek een middag in sy kantoor kom, is hy ekstra bekommerd: die hospitaal het gebel, en hy moet dadelik kom. Maar hy weet nie of hy moet nie. Natuurlik moet hy, sê ek. 'n Ander kollega kom die kantoor in, en beaam wat ek nou net gesê het. Hy vra of ons net eers vir hom en sy vrou kan bid. Ons maak so.

Later die aand bel hy my: sy vrou is nou net dood, en sal ek asseblief al die kollegas laat weet? Twee dinge het my hieroor laat nadink: as hy so kwaad was vir my omdat ek nie die verslag oor die verkwistende uitgawes wou teken nie, hoekom moet ek dan almal laat weet? En die tweede probleem was: hoe klink 'n Engelse doodsberig?

Ek het daardie aand ge-Google: elke liewe doodsberig wat ek in die hande kon kry, en toe my eie een opgedis. Of die grammatika reg was, weet nugter, want niemand het laat weet nie. Ek dink almal was so geskok oor die boodskap dat dit nie saak gemaak het nie.

Twee dae daarna moes almal gaan homage by die baas se huis. Ek en drie ander kollegas besluit dat ons nie saam met die groep gaan nie. Ons ry so voel-voel na die baas se huis toe. Dis eintlik maklik om dit te kry, want dit is die huis met die meeste luukse motors in die oprit en straat. Buitekant sit iemand skeef teen die muur en drink bruinerige (koel)drank uit 'n polistereenglasie.

Ons stap deur die kombuis, oor die bruin novilonvloer tot in die sitkamer. Iemand kom aan met 'n skinkbord met koeldrank. Ons vier drink gulsig, want dis warm en hier is niemand om mee te gesels nie. So gou as wat ons aangekom het, is ons amper weer op pad terug. Niemand weet waar ons baas was nie.

En iewers het ek geweet: dis nie meer lank nie.

# DROME WORD WAAR OP DIE OUDERDOM VAN 17

Leandri Fourie gradueer op sewentienjarige ouderdom by The Apprentizz Hair and Beauty Academy en kwalifiseer as haarkapster asook grimeerkunstenaar,

Sy vertel aan Heilbron Herald dat dit nie 'n maklike pad was nie. Leandri was gedurende haar tienerjare erg geboelie en het deur baie emosionele druk en verwerping gegaan. Na haar kroning as Mej Jnr Tiener Vrystaat in 2019, het dit net toegeneem.

Haar ouers, Renè en Dawie Fourie, het besluite geneem om haar te beskerm. Sy is uit die skool gehaal en op 'n tuisonderrigprogram gesit. Terselfdertyd het The Apprentizz Hair and Beauty Academy haar as 'n student op veertienjarige ouderdom aanvaar.

Covid het egter veroorsaak dat die kollege moes sluit, maar Leandri het steeds haar tuisonderrigprogram gevolg en haar eksamens geslaag. In September 2020 begin Leandri voltyds werk onder die toesig van Salon Geody. Tannie Wendy Roos en Rachelle Booysen vat Leandri onder hulle vlerk en leer haar al die prakties terwyl sy haar studies voltooi.

Leandri word gesien as iemand wat altyd sal opstaan, maak nie saak hoeveel keer of hoe hard sy val nie. Haar ondervinding die afgelope paar jaar het haar laat ontwikkel in iemand met 'n sagte hart, maar 'n sterk persoonlikheid.

Haar boodskap aan elke kind wat geboelie word: “Moenie dat ander jou geluk steel nie, jy is soveel meer werd as wat jou storie kan vertel. Dankie vir elkeen wat my in hierdie tyd bygestaan het! Soveel deure het oopgemaak en ek kan net sê dankie!”




Leandri verskyn ook as model in verskeie internasionale tydskrifte met oor die honderd publikasies. Sy het ook in meer as 30 publikasies in Suid Afrikaanse model-tydskrifte verskyn.

Saam met haar salon bedryf sy ook haar eie modelskool om meisies te help met selfvertroue. Haar volgende doel is om haar Rooi-seël in haarkappery te kry sodat sy ander meisies kan oplei en op internasionale vlak te kan werk.

POSTNET HEILBRON
**Besigheidsure: Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30 | **Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***

# BEKENDE SKRYWER OORLEDE



Dit is met groot leedwese verneem van die afsterwe van Prof d'Assonville, die skrywer van die boek *Op die bodem van die Vaaldam.*

# TALLE ONGELUKKE OP R57

Dit is geen geheim dat die R57, Heilbron-Sasolpad, een van die gevaarlikste paaie in ons omgewing is nie.

Met meer slaggate as teerpad en onverskillige bestuurders het die pad gesorg vir talle ongelukke. Sondag die 28ste Augustus was geen uitsondering nie. Volgens die SAPD beweer 'n motoris dat 'n voertuig van die aankomende verkeer uitgeswaai het vir 'n slaggat en in sy baan gery het. Die bestuurder het probeer om 'n kop-aan-kop botsing te vermy, maar het beheer van sy voertuig verloor en in die veld beland, waar die voertuig aan die brand geslaan het. Geen persoon is beseer tydens die ongeluk nie, alhoewel die kar en groot deel van die boer se weiding afgebrand het.



# JCB GEE BOERE HOOP VIR NUWE SEISOEN

Johnny Claassen, eienaar van JCB Bemarking, in samewerking met Agrisol, Villa, HighFert en MBFI het baie van die boere se bekommernisse oor die nuwe plantseisoen aangespreek tydens hulle Boeredag wat op 25 Augustus op Heilbron aangebied is. "My inleidingsboodskap is net dit – daar is net een saak wat vir ewig dieselfde bly en dit is ons Hemelse Vader se liefde! Hy vra net geloof en liefde in Hom! Hy vra ook dat ons mekaar moet lief hê soos onsself". Dit was die woorde van verwelkoming van nege-en-tagtigjarige Tom Watson, JCB Bemarking se oudste kliënt by hulle boeredag. Johan Claassen van HighFert Kunsmis het verduidelik wat tans aan die gang is in die kunsmis-industrie en moontlike scenario's geskep wat met pryse gaan gebeur. Ander inset verskaffers het weer beklemtoon dat bekalking belangrik is. Vrae is ook beantwoord oor die beskikbaarheid van onkruiddoders en waarom sojasaad geënt moet word. Die boere wat die dag bygewoon het, het nie net uitgestap met 'n hoed en trui nie, maar ook met nuwe kennis en hoop vir die plantseisoen wat oor 'n maand begin.



*Op die foto vl: Eben Claassen (JCB), GP Schoeman (Agrisol), Pierre Strydom (Villa), Johan Greyling (MBFI), Johan Claasen (HighFert), Johnny Claassen (JCB), Cloete Rossouw (MBFI).*



*GP Schoeman, een van die sprekers.*






## AFRIFORUM KOM BELOFTE NA


Na verskeie inwoners hul bekommernis uitgespreek het in Juniemaand (uitgawe 23, 10 Junie) oor die afsny van historiese bome by die Laerskool Boitumelong, het Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum Heilbron, beloof om die bome in stand te hou sodat die heining nie beskadig word nie. Dit is presies wat AfriForum gedoen het op 30 Augustus. Die bome se takke wat oorgehang het, is netjies teruggesny. Die munisipaliteit, in samewerking met die AfriForum, het ook die week begin met die teer van Piercestraat sodat die pad weer rybaar vir motoriste sal wees.



## SPOG MET NUWE KRIEKETNETTE



Harry en Pieter Baan het hande gevat met Brunel Logistics International om die krieketnette oor te doen, sodat beide Hoërskool Heilbron en die dorp se krieketklub hierby kan baat. "Ons het die projek gedoen om die infrastruktuur te verbeter by die krieketgronde by Hoërskool Heilbron om meer belangstelling te kweek vir krieket onder senior en junior spelers." Buiten die hoofborg, Brunel Logistics International, was daar nog ander borge naamlik Pieter Baan van Crystal Makelaars, Armand Smit, Rudi Bruwer en Danie Rietchard van Dandri Metals. 'n Woordvoerder van Hoërskool Heilbron vertel dat die skool baie dankbaar is vir die groot geskenk van Pieter Baan en sy span. Die krieketspan beoog om elke jaar verbeterings aan die infrastruktuur aan te bring en vertel ook dat enige borge verwelkom word. Die dorpspan speel hierdie jaar in die Lions 2de liga wat in September begin. Die spelformaat is T 20 en T 35. Meer as 20 wedstryde word gespeel tydens hierdie liga. Vir enige navra kontak Pieter Baan, kaptein van die dorpspan by 079 931 1092.















# ONTMASKER EN POSITIEWER AS OOIT







Die revue is uiteindelik op die planke en Hoërskool Heilbron se leerlinge kan die beste van die beste "Broadway" sterre 'n ding of twee leer. Die revue was propvol vuurwarm danspassies en humor, selfs Kersvader het kom draai! Die opgewondenheid kon in elke kind se gesig gesien word, en die trots in elke ouer se stem gehoor word soos wat hulle hulle kinders aanhits. Die danspassies was van so 'n aard dat eerstespan rugbypelers die hip-hopdansertjie in hul harte kan uitleef, maar eenvoudig genoeg dat die graad R leerling kon saam dans. Soos beloof was die aande tot dusver iets besonders. Selfs die onnies het hulle "Moves on" gehad.



# NEWS FROM PHITSHANA PRIMARY SCHOOL



*Tshosane Mokoena obtained position 2 in public speaking and nominated as the best speaker from grade 4 to 12 it means he outclassed secondary learners also, and Ofentse Moshake obtained position 2 in foundation phase, the school thanks their teachers including Me MM Kheswa English teacher in grade4, Me Khumalo and their leader Me YMM Mokoena.*



*Team of Drummies that took part in district level lead by MeTE Botsane, Me MR Mokoena in leadership of YMM Mokoena Departmental Head.*



*Phitshana team of cross country that going to represent the Fezile Dabi Provincial in Bloemfontein on 3 September 2022, the school thanks all teachers who are responsible for athletic, ML Sejake, Me TJ Sehloho, Me Sethabela, Me Moorosi in leadership of Mr KI Thapedi Departmental Head.*

# BRONNIES GENIET MINI DAG IN PARYS



*Die jongste krieket manne van Hoërskool Heilbron het deelgeneem by Parys se mini dag.*

# REITZ SKOLE NUUS




*Drie van Hoërskool Reitz se leerders het by die OMS in Bloemfontein deelgeneem. Op die foto vl: Lisa Hills, Pieter-Louw van der Merwe en Jehoshua de Bruyn.*



*André van den Bergh (Graad 2), Jancu Steyn (Graad 6) en Karla Steyn (Graad 2) van Hoërskool Reitz het deelgeneem aan die Senekal Redenaarsfees en het baie goed gedoen. Karla Steyn is aangewys as die beste spreker in haar afdeling.*



*Komodo Dragons Karate het die afgelope naweek deelgeneem aan die Shoto Champs in Bloemfontein en die volgende karatekas het medaljes verwerf: Wilhelm Nel - Brons Kihon Kumite, Andre van den Bergh - Silwer Kihon Kumite, Johan Oosthuizen - Brons Kihon Kumite en Hencode Winnaar Silwer Kata Brons Kihon Kumite. Hulle het deelgeneem in hulle eie belt en ouderdomsgroepe.*

HERALD Sport

# ROLBAL KUIER IN SASOLBURG



Soos verlede week berig, het 'n groot groep van Heilbron se rolbalspelers hul rolbalsakke gepak en gaan kragte meet teen Sasolburg se spelers. Alhoewel dit die begin was van 'n jaarlikse interdorp-kompetisie, gebaseer op vriendskap en die bou van goeie verhoudinge, was spel op die baan steeds baie kompeterend.

Na die dag se spel is daar lekker saamgekuier en kon Heilbronspelers as wenners uit die stryd tree.

Hierdie byeenkoms het bewys dat vriendskaplike interdorp-kompetisies tussen verskillende rolbaldistrikte, 'n groot bydrae kan maak tot die bevordering van rolbal as 'n sport.

Volgens statisitiek deur Johannesburg Rolbal Vereniging het verskeie rolbalklubs in die afsienbare verlede hul deure gesluit, grotendeels as gevolg van finansiële druk en spelers wat uittree.

Interdorp-byeenkomste is dus van onskatbare waarde om klubs onderling te ondersteun en lewendig te hou.



*Amelia Galatis*

Homeopatie vir swangerskap...
Die eerste trimester van swangerskap kan dikwels geassosieer word met baie emosies en simptome soos:
- Oggendnaarheid (wat nie altyd soggens voorkom nie, maar enige tyd van die dag kan voorkom)
- Hoofpyne
- Lae rug- en bekkenpyn (terwyl jou baarmoeder en ligamente begin groei om die nuwe baba te akkommodeer
- Slapeloosheid en drome
- Gemoedsveranderinge (geïrriteerdheid, huilerig of angstig)
- Bors teerheid
Die goeie nuus is dat homeopatie tot jou redding is, en heeltemal veilig is om te gebruik gedurende swangerskap en borsvoeding.
Dr Jeanetta Steenkamp 082 855 6437

ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

JAARPROGRAM : 2022
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD | |

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
**Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

WEISSENTRAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

OESVERSEKERING
VERTROU ONS KUNDIGE ADVIES EN UITGEBREIDE DIENSTE WANNEER DIT KOM BY OESVERSEKERING.
KOMPETERENDE KWOTASIES BY DIE MARKLEIERS IN OESVERSEKERING + GRATIS GPS-LANDKAARTE MET OP-DIE-LAND BESOEKE
SPAAR JOU TYD GEDURENDE PLANTTYD!
WIL JY 'N PAAR PITTE IN JOU SAK TERUGSIT?
ONS BIED JOU OOK 'N PREMIE TERUGBETALING-VOORDEEL OP OESVERSEKERING!
SHORT TERM TRUST
016 931 2686 | 058 853 0071
Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP 43364

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 5 SEPTEMBER 2022
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WARDEN: SJ CAMPHER FAMILIE TRUST
Plase te koop
11:00, Warden veilingskrale
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228
DINSDAG - 6 SEPTEMBER 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
WOLMARANSSTAD: 36ste NOORDWES SAVM VEILING
48 Ramme
11:00, Skougronde
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
WOENSDAG - 7 SEPTEMBERS 2022
LADYSMITH: JULIUS BEUKES (BESSIESFONTEIN) PRODUKSIEVEILING
350 Dohne Merino's
11:00, Bessiesfontein
Kontak Wynand Lens 082 329 0227
DONDERDAG - 8 SEPTEMBER 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
REITZ DISTRIK: DE KOPPEN VLEISMERINO
40 Ramme
11:00, plaas Rietkuil
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
VILJOENSKROON: KROON ANGUS
151 Beeste
11:00, Rosa
Kontak Fanie Nel 083 325 3066
VRYDAG - 9 SEPTEMBER 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
FRANKFORT: PREISS & KOCK
40 Merino ramme
11:00, Frankfort skougronde
Kontak Danie de Wet 082 772 4537
BKB NOORD STOORLAMVEILING
AANLYN - 10:00
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za